16 Augustus Oggenddiens

Tema: Met God se hulp kan ons volhard

Teks: Jakobus 1:2-8 en 2 Timoteus 4 :6-8

Voorlees van die Wet : Matteus 22: 37-40

Seëngroet: Liewe lidmaat, genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees.

Gemeente kom ons luister na die volgende lied :

Riana Nel - Skouers

Inleiding

Wat is die moeilikste ding / sport of tegniek wat jy al ooit probeer reg kry het of wou aanleer? Dalk wou jy leer om ‘n instrument te speel, of jy wou leer om ‘n koek te bak, of om ‘n maaltyd te kook, of dalk leer hiekel, of selfs leer hoe werk ‘n kaartspeletjie of bordspeletjie? Wat is die een ding wat jy onlangs vir jouself wou leer?

Aan die begin is ons baie entoesiasties, ons is gemotiveerd en voel dit kan nie so moeilik wees nie, ons is baie selfversekerd. Maar dan kom die prakties, om dit te doen is ‘n ander storie. En dan kom die frustrasie, woede, bietjie teleurstelling in jouself en iewers voel jy dat jy nie meer hoef enige van die dinge aan te leer nie. In ander woorde, jy gee op. Vir sommige van ons sal iemand ons aanmoedig of ons sal self besluit om deur te druk, ander van ons probeer iets anders, iets dalk meer op ons eie vlak.

Kom ons wees eerlik, dit is makliker om iets te kies om aan te leer, as om dit aan te leer. En ja sommige van ons sukkel maar met die deursettingsvermoeë. Daar is ‘n gesegde wat sê : “It is the size of one’s will which determines success”.

Baie flieks, stories, liedjies en boeke moedig ons aan om te volhard, om deursettingsvermoeë te hê, om iets te bereik. God ons skepper is ook aan ons kant. Hy moedig ons aan deur die verhale in Sy Woord, die Bybel. Elke gedeelte in die Bybel is daar om vir ons te sê hou net aan, bly gelowig, byt vas, jy sal dit reg kry.

Verskeie boeke in die Nuwe Testament begin met aanmoediging om te Volhard. Die dissipels en elke skrywer het geweet die gelowiges moet aangemoedig word, want die werk is groot. Ons kyk vanoggend na 2 sulke voorbeelde.

1. Lees Jakobus 1:1-5

Hierdie boek van Jakobus het nie regtig ‘n besonerse adres gehad nie, en daar word vermoed dat die lesers die was in die tyd van die val van Jerusalem in 70 n.C. Vir Jabokus was etiek en die wet baie belangrik en dat ons dade en ons geloof hand aan hand gaan.

Jakobus praat hier van beproewings en wat ons reaksie daarop moet wees. Hy wil hê ons moet besef dat wanneer daar ‘n beproewing op ons pad kom, ons moet besef dat daar ‘n “natuurlike” manier sal wees om te reageer bv woede of teleurstelling, maar dat gelowiges moet reageer op ‘n ander manier, ‘n manier wat gepaart gaan met blydskap. Nie blydskap oor die beproewing nie, maar eerder blydskap oor die geleentheid om ons geloof te versterk. Beproewings oefen die geloof. Ons weet ons hulp kom van God, daarom hoef ons nie te vrees vir beproewings nie, maar eerder hul vierkantig in die oë te kyk.

Die woord Volhard het dan ook hier ‘n ander betekenis, meer ‘n betekenis van vasberade standvastigheid wat voor geen uitdaging sal swig in geloof nie. Deur te Volhard in ons geloof bereik ons geestelike rypheid, sonder enige tekortkominge. Wat beteken dit om geestelik ryp te wees? Dit is ‘n proses, dit is nie iets wat veraltyd bereik kan word nie, maar ‘n proses van slyping en toetsing. ‘n Gelowige mag nooit sê “I have arrived” nie. Want ons is konstant besig om te Volhard, om geslyp te word.

Jakobus spreek ons aan oor ons twyfel, die menslike natuur is daar dat ons gereeld twyfel. Daarom sê jy mag nie twyfel as jy na God gaan nie, jy mag nie verdeelde vertroue in God hê nie. Jy moet volkome vertrou. Vertrou dat God wil hê jy moet groei, sterker word en Volhard.

Dan kyk ons na 2 Timoteus 4:6-8.

2. 2 Timoteus 4 :6-8

Ons hoor baie van Paulus, maar ek dink ons kan soms vergeet dat hy self ook aanmoediging nodig gehad het. Paulus is ook die eerste persoon wat ons leer om nooit in onsself te roem nie, maar om al die eer aan die Here te gee.

Paulus beskryf die lewe as ‘n wedloop met verskeie teenstanders.

- Afgodery was een so ‘n teenstander. Waar die eie ek ‘n mededinger is
- Vrese kan maak dat ons te bang is om te Volhard
- Ons eie mense wat ons ontmoedig, en ons altyd laat voel asof ons onsself moet bewys.

Paulus vra ons moet onthou dat ons hier is vir God, nie die eie ek nie. Dat ons moet fokus op die Gees en die gawes wat God ons gegee het, nie ons vrese nie. En om te weet God sal ons altyd bystaan en aanmoedig, dis net Sy opinie wat saak maak. Jesus verseker ons dan ook dat die dood nooit die laaste hoofstuk van ons lewens is nie, want Jesus het die dood oorwin. En die belonging is groot.

Ons moet die vrymoedigheid hê om God te vra vir hulp. En Hy sal dit vir ons gee. Nou met die wete dat God ons hulp is, dat Hy ons afrig en die Gees ons lei, moet ons kans sien vir enige iets. Ons moet nie net in ons geloofslewe volhard nie, nee, ons moet ook in ons verhoudings Volhard. Ons moet die wat rondom ons is ook aanmoedig en motiveer.

Daar is ‘n mooi verhaal van ‘n slak wat op ‘n koue wintersdag teen ‘n appelboom begin opklim. Terwyl hy teen die stam opseil, steek ‘n wurm sy kop by ‘n gaatjie in die bas uit. “Jy mors jou tyd, daar is nie ‘n enkele appel daarbo nie, sê hy.’ Teen die tyd dat ek daar kom, sal daar wees, antwoord die slak. Om te Volhard beteken dat jy bereid sal wees om end-uit vol te hou, ten spyte van jou omstandighede.

Soos ek aan die begin gesê het, dit is maklik om te besluit ek wil iets nuuts aanleer of doen, maar die praktyk daavan is harde werk. Net so by ons geloof is dit harde werk. Maar God is aan ons kant, en Hy wil hê ons moet die woorde van Paulus ook eendag

kan spreek: “Ek het die goeie wedloop afgelê, ek het die wenstreep bereik, ek het gelowig end-uit volgehou”. Amen.

Gebed

Ons luister dan weer na ons tema lied van die 40dae:

God se asem tussen die blaaie.

Seëngroet: Mag die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees by elkeen van u wees, Amen.